

REPUBLIC
OF
SOUTH AFRICA



REPUBLIEK
VAN
SUID-AFRIKA

Government Gazette Staatskoerant

Selling price • Verkoopprijs
(GST excluded)/(AVB uitgesluit)

Local **50c** Plaaslik
Other countries 70c Buitelands
Post Free • Posvry

**Regulation Gazette
Regulasiekoerant
No. 4085**

Registered at the Post Office
as a Newspaper
As 'n Nuusblad by die
Poskantoor Geregistreer

Vol. 263

PRETORIA, 15 MAY
MEI 1987

No. 10739

GOVERNMENT NOTICES

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING

No. R. 1061 15 May 1987

FERTILIZERS, FARM FEEDS, AGRICULTURAL
REMEDIES AND STOCK REMEDIES ACT, 1947 (ACT
36 OF 1947)

PROHIBITION ON THE ACQUISITION, DISPOSAL,
SALE AND USE OF CERTAIN AGRICULTURAL
REMEDIES AND STOCK REMEDIES

I, André Isak van Niekerk, Deputy Minister of Agriculture, acting on behalf of the Minister of Agriculture under section 7bis of the Fertilizers, Farm Feeds, Agricultural Remedies and Stock Remedies Act, 1947 (Act 36 of 1947), hereby prohibit, as from 30 June 1987, the acquisition, disposal, sale or use of—

- (1) an agricultural remedy which contains—
 - (a) chlorobenzilate; and
- (2) a stock remedy which contains—
 - (a) camphechlor; or
 - (b) gamma—BHC (Lindaan);

Provided that the use of such a stock remedy shall be prohibited from 1 January 1988.

A. I. VAN NIEKERK,
Deputy Minister of Agriculture.

No. R. 1094 15 May 1987

CORRECTION NOTICE

MARKETING ACT, 1968 (ACT 59 OF 1968)

SUMMER GRAIN SCHEME.—PRODUCER'S PRICES
FOR MAIZE IN AREA B

The Schedule to Government Notice R. 978 published in *Government Gazette* 10723 of 30 April 1987 is hereby corrected by—

- (a) the substitution in subparagraph (ii) of paragraph (b) of the definition of "net mass" in clause 1 for the expression "80%" of the expression "85%"; and
- (b) the substitution in paragraph (a) of subclause (1) of clause 3 for the expression "R1" of the expression "R1,03".

356—A

GOEWERMENSKENNISGEWINGS

DEPARTEMENT VAN LANDBOU- EKONOMIE EN -BEMARKING

No. R. 1061 15 Mei 1987

WET OP MISSTOWWE, VEEVOEDSEL, LANDBOU-
MIDDELS EN VEEMIDDELS, 1947 (WET 36 VAN
1947)

VERBOD OP DIE VERKRYGING, VERVREEMDING,
VERKOOP EN GEBRUIK VAN SEKERE LANDBOU-
MIDDELS EN VEEMIDDELS

Ek, André Isak van Niekerk, Adjunk-minister van Landbou, handelende namens die Minister van Landbou kragtens artikel 7bis van die Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels, 1947 (Wet 36 van 1947), verbied hierby vanaf 30 Junie 1987 die verkryging, vervreemding, verkoop of gebruik van—

- (1) 'n landboumiddel wat—
 - (a) chlorobensilaat bevat; en
- (2) 'n veemiddel wat—
 - (a) kamfechlor; en
 - (b) gamma—BHC (Lindaan) bevat;

Met dien verstande dat die gebruik van sodanige veemiddel vanaf 1 Januarie 1988 verbied word.

A. I. VAN NIEKERK,
Adjunk-minister van Landbou.

No. R. 1094 15 Mei 1987

VERBETERINGSKENNISGEWING

BEMARKINGSWET, 1968 (WET 59 VAN 1968)

SOMERGRAANSKEMA.—PRODUSENTEPRYSE VAN
MIELIES IN GEBIED B

Die Bylae van Goewermenskennisgewing R. 978 gepubliseer in *Staatskoerant* 10723 van 30 April 1987 word hierby verbeter deur—

- (a) in subparagraaf (ii) van paragraaf (b) van die omskrywing van "netto massa" in klousule 1 die uitdrukking "80%" met die uitdrukking "85%" te vervang; en
- (b) in paragraaf (a) van subklousule (1) van klousule 3 die uitdrukking "R1" met die uitdrukking "R1,03" te vervang.

10739—1

DEPARTMENT OF FINANCE

No. R. 1052 **15 May 1987**

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964

AMENDMENT OF SCHEDULE 1 (No. 1/1/1289)

Under section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, Part 1 of Schedule 1 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

K. D. S. DURR,
Deputy Minister of Finance.

DEPARTEMENT VAN FINANSIES

No. R. 1052 **15 Mei 1987**

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964

WYSIGING VAN BYLAE 1 (No. 1/1/1289)

Kragtens artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 1 van Bylae 1 by genoemde Wet hiermee gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

K. D. S. DURR,
Adjunk-minister van Finansies.

SCHEDULE

I Tariff Heading	II Statistical Unit	III IV Rate of Duty	
		General	M.F.N.
59.17 By the substitution for subheadings Nos. 59.17.60 and 59.17.65 of the following: "59.17.63 Filter elements suitable for use with motor vehicles, including motor cycles	kg	20 %	

Note.—The effect of this amendment is that the provisions for filter elements for use with motor vehicles and motor cycles are grouped together and the rates of duty are equalised at 20 %.

BYLAE

I Tariefpos	II Statistiese Eenheid	III IV Skaal van Reg	
		Algemeen	M.B.N.
59.17 Deur subposte Nos. 59.17.60 en 59.17.65 deur die volgende te vervang: "59.17.63 Filterelemente geskik vir gebruik met motorvoertuie, met inbegrip van motorfietsse	kg	20 %	

Opmerking.—Die uitwerking van hierdie wysiging is dat die voorsienings vir filterelemente vir gebruik met motorvoertuie en motorfietsse saam gegroep word en die skale van reg teen 20 % gelyk gestel word.

No. R. 1053 **15 May 1987**

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964

AMENDMENT OF SCHEDULE 3 (No. 3/902)

Under section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, Schedule 3 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

K. D. S. DURR,
Deputy Minister of Finance.

No. R. 1053 **15 Mei 1987**

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964

WYSIGING VAN BYLAE 3 (No. 3/902)

Kragtens artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Bylae 3 by genoemde Wet hiermee gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

K. D. S. DURR,
Adjunk-minister van Finansies.

SCHEDULE

I Rebate Item	II			III Extent of Rebate
	Tariff Heading	Rebate Code	Description	
321.01	"15.07	01.00 49	By the substitution for tariff heading No. 15.07 of the following: Coconut, cotton seed, mafurra, palm, palm kernel and babassu oil, for purposes other than baking, hydrogenation, mixing with fats or refining	Full duty"

Note.—The effect of this amendment is that the provision for a rebate of duty on resin oils for purposes other than baking, hydrogenation, mixing with fats or refining, is withdrawn.

BYLAE

I Korting-item	II			III Mate van Korting
	Tarief pos	Korting-kode	Beskrywing	
321.01	"15.07	01.00 49	Deur tariefpos No. 15.07 deur die volgende te vervang: Klapper-, katoensaad-, mafurra-, palm-, palmpit- en babassoelie, vir ander doeleindes as bak, hidrering, vermenging met vette of raffinerings	Volle reg"

Opmerking.—Die uitwerking van hierdie wysiging is dat die voorsiening vir 'n korting op reg op harsolies vir ander doeleindes as bak, hidrering, vermenging met vette of raffinerings, ingetrek word.

No. R. 1067

15 May 1987

No. R. 1067

15 Mei 1987

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964

AMENDMENT OF SCHEDULE 1 (No. 1/1/1290).

Under section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, Part 1 of Schedule 1 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

K. D. S. DURR,
Deputy Minister of Finance.

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964

WYSIGING VAN BYLAE 1 (No. 1/1/1290).

Kragtens artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 1 van Bylae 1 by genoemde Wet hiermee gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

K. D. S. DURR,
Adjunk-minister van Finansies.

SCHEDULE

I Tariff Heading	II Statistical unit	III IV Rate of Duty	
		General	M. F. N.
15.07 By the substitution for subheading No. 15.07.45 of the following: "15.07.45 Olive oil.	litre	30 %"	

Note.—The rate of duty on olive oil is increased from 5 % to 125c per litre less 95 % to 30 %.

BYLAE

I Tariefpos	II Statistiese eenheid	III IV Skaal van Reg	
		Algemeen	M. B. N.
15.07 Deur subpos no. 15.07.45 deur die volgende te vervang: "15.07.45 Olyfolie	liter	30 %"	

Opmerking.—Die skaal van reg op olyfolie word van 5 % of 125c per liter min 95 % na 30 % verhoog.

No. R. 1068

15 May 1987

No. R. 1068

15 Mei 1987

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964

AMENDMENT OF SCHEDULE 1 (No. 1/4/93)

Under section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, Part 4 of Schedule 1 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

K. D. S. DURR,
Deputy Minister of Finance.

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964

WYSIGING VAN BYLAE 1 (No. 1/4/93)

Kragtens artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 4 van Bylae 1 by genoemde Wet hiermee gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

K. D. S. DURR,
Adjunk-minister van Finansies.

SCHEDULE

Notes

By die substitution for Note (7) (a) of the following:

"(a) which are entered in terms of items 401.00, 405.04, 405.05, 406.00, 407.00, 408.00, 409.00, 410.03/29.00, 411.00/29.30, 38.19, 54.01, 84.10, 85.00 (1) and 85.01 (2) and (3), 412.02, 412.03, 412.04, 412.07, 412.08, 412.09, 412.10, 412.11, 412.12, 412.13, 412.15, 412.16, 412.17, 412.19, 460.03/15.04, 15.07 (1) and (3), 460.04/24.01, 460.06/28.40, 29.01, 29.02, 29.15 and 38.19, 460.07/39.00, 39.01 (1), 39.02 and 40.02, 460.10, 460.15/73.00, 73.15 and 76.03, 460.17/89.01 and 89.02, 460.23, 470.00, 480.00 and 490.00 of Schedule No. 4,"

Note.—This amendment is consequential to the amendment of item 460.03 of Schedule No. 4.

BYLAE

Opmerkings

Deur Opmerking 7 (a) deur die volgende te vervang:

"(a) wat geklaar word kragtens items 401.00, 405.04, 405.05, 406.00, 407.00, 408.00, 409.00, 410.03/29.00, 411.00/29.30, 38.19, 54.01, 84.10, 85.00 (1) en 85.01 (2) en (3), 412.02, 412.03, 412.04, 412.07, 412.08, 412.09, 412.10, 412.11, 412.12, 412.13, 412.15, 412.16, 412.17, 412.19, 460.03/15.04, 15.07 (1) en (3), 460.04/24.01, 460.06/28.40, 29.01, 29.02, 29.15 en 38.19, 460.07/39.00, 39.01 (1), 39.02 en 40.02, 460.10, 460.15/73.00, 73.15 en 76.03, 460.17/89.01 en 89.02, 460.23, 470.00, 480.00 en 490.00 van Bylae No. 4,"

Opmerking.—Hierdie wysiging spruit voort uit die wysiging van item 460.03 van Bylae No. 4.

No. R. 1069 **15 May 1987**
CUSTOMS AND EXCISE ACT 1964
AMENDMENT OF SCHEDULE 4 (No. 4/415)
 Under section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, Schedule 4 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.
K. D. S. DURR,
 Deputy Minister of Finance.

No. R. 1069 **15 Mei 1987**
DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964
WYSIGING VAN BYLAE 4 (No. 4/415)
 Kragtens artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Bylae 4 by genoemde Wet hiermee gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.
K. D. S. DURR,
 Adjunk-minister van Finansies.

SCHEDULE

I Item	II Tariff Heading and Description	III Extent of Rebate
460.02	By the substitution for tariff headings Nos. 07.01, 07.03 and 07.04 of the following: "07.01 Olives, fresh or chilled, entered for home consumption on or before 30 June 1987, in such quantities and at such times as the Director-General: Agricultural Economics and Marketing may allow by specific permit 07.03 Olives, provisionally preserved in brine, in sulphur water or in other preservative solutions, entered for home consumption on or before 30 June 1987, in such quantities and at such times as the Director-General: Agricultural Economics and Marketing may allow by specific permit 07.04 Olives, dried, dehydrated or evaporated, entered for home consumption on or before 30 June 1987, in such quantities and at such times as the Director-General: Agricultural Economics and Marketing may allow by specific permit	Full duty Full duty Full duty"
460.03	By the substitution for tariff heading No. 15.07 of the following: "15.07 (1) Cotton seed oil, sunflower seed oil, groundnut oil, soya bean oil and rape seed oil, crude, in such quantities and at such times as the Director-General: Trade and Industry, may allow by specific permit (2) Cotton seed oil, sunflower seed oil, groundnut oil and rape seed oil, refined or purified, in such quantities and at such times as the Director-General: Trade and Industry, may allow by specific permit (3) Olive oil, crude, in containers holding 50 litres or more, in such quantities and at such times as the Director-General: Trade and Industry, on the recommendation of the Board of Trade and Industry, may allow by specific permit (4) Olive oil, refined or purified, in containers holding 50 litres or more, in such quantities and at such times as the Director-General: Trade and Industry, on the recommendation of the Board of Trade and Industry, may allow by specific permit	Full duty Full duty Full duty Full duty"
460.04	By the substitution for tariff headings Nos. 20.01 and 20.02 of the following: "20.01 Olives, prepared or preserved by vinegar or acetic acid, entered for home consumption on or before 30 June 1987, in such quantities and at such times as the Director-General: Agricultural Economics and Marketing may allow by specific permit 20.02 Olives, prepared or preserved otherwise than by vinegar or acetic acid, entered for home consumption on or before 30 June 1987, in such quantities and at such times as the Director-General: Agricultural Economics and Marketing may allow by specific permit	Full duty Full duty"

Notes.—1. The effect of this amendment is that provision is made for a rebate of the full duty on olive oil, in containers holding 50 litres or more, in such quantities and at such times as the Director-General: Trade and Industry, on the recommendation of the Board of Trade and Industry, may allow by specific permit.
 2. The provisions for rebate of duty on fresh, chilled, preserved, dried, dehydrated or evaporated olives will be valid only until 30 June 1987.

BYLAE

I Item	II Tariefpos en Beskrywing	III Mate van Korting
460.02	Deur tariefposte Nos. 07.01, 07.03 en 07.04 deur die volgende te vervang: "07.01 Olywe, vars of verkoel, geklaar vir binnelandse verbruik voor of op 30 Junie 1987, in die hoeveelhede en op die tye wat die Direkteur-generaal: Landbou-ekonomie en -bemarking by bepaalde permit toelaat 07.03 Olywe, voorlopig in pekel, in swawelwater of in ander verduursamingsoplossings gepreserveer, geklaar vir binnelandse verbruik voor of op 30 Junie 1987, in die hoeveelhede en op die tye wat die Direkteur-generaal: Landbou-ekonomie en -bemarking by bepaalde permit toelaat	Volle reg Volle reg

I Item	II Tariefpos en Beskrywing	III Mate van Korting
460.03	07.04 Olywe, gedroog, gedehidrateer of ontwater, geklaar vir binnelandse verbruik voor of op 30 Junie 1987, in die hoeveelhede en op die tye wat die Direkteur-generaal: Landbou-ekonomie en -bemarking by bepaalde permit toelaat Deur tariefpos No. 15.07 deur die volgende te vervang:	Volle reg''
	''15.07 (1) Katoensaadolie, sonneblomsaadolie, grondboontjie-olie, sojaboonolie en raapsaadolie, ru, in die hoeveelhede en op die tye wat die Direkteur-generaal: Handel en Nywerheid, op aanbeveling van die Raad van Handel en Nywerheid, by bepaalde permit toelaat (2) Katoensaadolie, sonneblomsaadolie, grondboontjie-olie en raapsaadolie, geraffineer of gesuiwer, in die hoeveelhede en op die tye wat die Direkteur-generaal: Handel en Nywerheid op aanbeveling van die Raad van Handel en Nywerheid, by bepaalde permit toelaat (3) Olyfolie, ru, in houers wat minstens 50 liter bevat, in die hoeveelhede en op die tye wat die Direkteur-generaal: Handel en Nywerheid, op aanbeveling van die Raad van Handel en Nywerheid, by bepaalde permit toelaat (4) Olyfolie, geraffineer of gesuiwer in houers wat minstens 50 liter bevat, in die hoeveelhede en op die tye wat die Direkteur-generaal: Handel en Nywerheid, op aanbeveling van die Raad van Handel en Nywerheid, by bepaalde permit toelaat	Volle reg Volle reg Volle reg Volle reg''
460.04	Deur tariefposte nos. 20.01 en 20.02 deur die volgende te vervang: ''20.01 Olywe, voorberei of gepreserveer met asyn of asynsuur, geklaar vir binnelandse verbruik voor of op 30 Junie 1987, in die hoeveelhede en op die tye wat die Direkteur-generaal: Landbou-ekonomie en -bemarking by bepaalde permit toelaat 20.02 Olywe, voorberei of gepreserveer behalwe met asyn of asynsuur, geklaar vir binnelandse verbruik voor of op 30 Junie 1987, in die hoeveelhede en op die tye wat die Direkteur-generaal: Landbou-ekonomie en -bemarking by bepaalde permit toelaat	Volle reg Volle reg''

Opmerkings.—1. Die uitwerking van hierdie wysiging is dat voorsiening gemaak word vir 'n volle korting op reg op olyfolie, in houers wat minstens 50 liter bevat, in die hoeveelhede en op die tye wat die Direkteur-generaal: Handel en Nywerheid, op aanbeveling van die Raad van Handel en Nywerheid, by bepaalde permit toelaat.
2. Die voorsiening vir korting op reg op vars, verkoelde, gepreserveerde, gedroogde, gedehidrateerde of ontwaterde olywe sal slegs geldig wees tot 30 Junie 1987.

DEPARTMENT OF MANPOWER

No. R. 1063

15 May 1987

LABOUR RELATIONS ACT, 1956

CHEMICAL INDUSTRY (CAPE).—RENEWAL OF MAIN AGREEMENT

I, Pieter Theunis Christiaan du Plessis, Minister of Manpower, hereby, in terms of section 48 (4) (a) (ii) of the Labour Relations Act, 1956, declare the provisions of Government Notices R. 328 of 20 February 1981, R. 2273 of 23 October 1981, R. 405 of 5 March 1982, R. 1866 of 3 September 1982, R. 1980 of 16 September 1983, R. 1704 of 10 August 1984 and R. 2624 of 22 November 1985, to be effective from the date of publication of this notice and for the period ending 31 December 1987.

P. T. C. DU PLESSIS,
Minister of Manpower.

DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG

No. R. 1063

15 Mei 1987

WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE, 1956

CHEMIKALIEËNYWERHEID (KAAP).—HERNUWING VAN HOOFOOREENKOMS

Ek, Pieter Theunis Christiaan du Plessis, Minister van Mannekrag, verklaar hierby, kragtens artikel 48 (4) (a) (ii) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, dat die bepalinge van Goewermentskennisgewings R. 328 van 20 Februarie 1981, R. 2273 van 23 Oktober 1981, R. 405 van 5 Maart 1982, R. 1866 van 3 September 1982, R. 1980 van 16 September 1983, R. 1704 van 10 Augustus 1984 en R. 2624 van 22 November 1985, van krag is vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Desember 1987 eindig.

P. T. C. DU PLESSIS,
Minister van Mannekrag.

No. R. 1064

15 May 1987

LABOUR RELATIONS ACT, 1956

CHEMICAL INDUSTRY (CAPE).—AMENDMENT OF MAIN AGREEMENT

I, Pieter Theunis Christiaan du Plessis, Minister of Manpower, hereby—

- (a) in terms of section 48 (1) (a) of the Labour Relations Act, 1956, declare that the provisions of the Agreement (hereinafter referred to as the Amending Agreement) which appears in the Schedule hereto and which relates to the Undertaking, Industry, Trade or Occupation referred to in the heading to this notice, shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 31 December 1987, upon the employers' organisation and the trade union which entered into the Amending Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisation or union; and
- (b) in terms of section 48 (1) (b) of the said Act, declare that the provisions of the Amending Agreement, excluding those contained in clause 1 (1) (a), shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 31 December 1987, upon all employers and employees, other than those referred to in paragraph (a) of this notice, who are engaged or employed in the said Undertaking, Industry, Trade or Occupation in the areas specified in clause 1 of the Amending Agreement.

P. T. C. DU PLESSIS,
Minister of Manpower.

SCHEDULE

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE CHEMICAL INDUSTRY (CAPE)

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Labour Relations Act, 1956, made and entered into by and between the

Cape Manufacturing Chemists' and Druggists' Association

(hereinafter referred to as the "employers" or the "employers' organisation"), of the one part, and the

Chemical and Allied Workers' Union

(hereinafter referred to as the "employees" or the "trade union"), of the other part,

being the parties to the Industrial Council for the Chemical Industry (Cape),

to amend the Main Agreement published under Government Notice R. 328 of 20 February 1981, as amended and renewed by Government Notices R. 2273 of 23 October 1981, R. 405 of 5 March 1982, R. 1866 and R. 1867 of 3 September 1982, R. 1979 and R. 1980 of 16 September 1983, R. 1703 and R. 1704 of 10 August 1984 and R. 2623 and R. 2624 of 22 November 1985.

1. AREA AND SCOPE OF APPLICATION OF AGREEMENT

(1) The terms of this Agreement shall be observed in the Chemical Industry (Cape)—

- (a) by all employers who are members of the employers' organisation and are engaged in the Chemical Industry and by all employees who are members of the trade union and are employed in the said Industry;
- (b) in the municipal area of Cape Town as it existed on 19 October 1966, and in the Magisterial Districts of Goodwood (excluding those portions which in terms of Government Notice 1882 of 3 October 1975 were transferred from the Magisterial District of The Cape and excluding those portions which in terms of Government Notice 1611 of 3 September 1976 were transferred from the Magisterial Districts of the Cape and Wynberg) and Bellville (excluding those portions which in terms of Government Notices 2102 and 173

No. R. 1064

15 Mei 1987

WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE, 1956

CHEMIKALIEËNYWERHEID (KAAP).—WYSIGING VAN HOOFDOORENKOMS

Ek, Pieter Theunis Christiaan du Plessis, Minister van Mannekrag, verklaar hierby—

- (a) kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, dat die bepalings van die Ooreenkoms (hierna die Wysigingsooreenkoms genoem) wat in die Bylae hiervan verskyn en betrekking het op die Onderneming, Nywerheid, Bedryf of Beroep in die opskrif by hierdie kennisgewing vermeld, met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Desember 1987 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasie en die vakvereniging wat die Wysigingsooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasie of vereniging is; en
- (b) kragtens artikel 48 (1) (b) van genoemde Wet, dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousule 1 (1) (a), met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Desember 1987 eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as dié genoem in paragraaf (a) van hierdie kennisgewing wat betrokke is by of in diens is in genoemde Onderneming, Nywerheid, Bedryf of Beroep in die gebiede in klousule 1 van die Wysigingsooreenkoms gespesifiseer.

P. T. C. DU PLESSIS,
Minister van Mannekrag.

BYLAE

NYWERHEIDSRAAD VIR DIE CHEMIKALIEËNYWERHEID (KAAP)

OOREENKOMS

ooreenkomstig die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, gesluit deur en aangegaan tussen die

Cape Manufacturing Chemists' and Druggists' Association

(hierna die "werkgewers" of die "werkgewersorganisasie" genoem), aan die een kant en die

Chemical and Allied Workers' Union

(hierna die "werknemers" of die "vakvereniging" genoem, aan die ander kant,

wat die partye is by die Nywerheidsraad vir die Chemikalieënywerheid (Kaap),

om die Hoofdooreenkoms, gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 328 van 20 Februarie 1981, soos gewysig en hernieu by Goewermentskennisgewings R. 2273 van 23 Oktober 1981, R. 405 van 5 Maart 1982, R. 1866 en R. 1867 van 3 September 1982, R. 1979 en 1980 van 16 September 1983, R. 1703 en R. 1704 van 10 Augustus van 1984, en R. 2623 en R. 2624 van 22 November 1985, te wysig.

1. TOEPASSINGSBESTEK VAN OOREENKOMS

(1) Hierdie Ooreenkoms moet in die Chemikalieënywerheid (Kaap) nagekom word—

- (a) deur alle werkgewers wat lede van die werkgewersorganisasie is en by die Chemikalieënywerheid betrokke is en deur alle werknemers wat lede van die vakvereniging is en in genoemde Nywerheid werksaam is;
- (b) in die munisipale gebied van Kaapstad soos dit op 19 Oktober 1966 bestaan het en die landdrostdistrikte Goodwood (uitgesonderd daardie gedeeltes wat ingevolge Goewermentskennisgewing 1882 van 3 Oktober 1975 vanaf die landdrostdistrik Die Kaap oorgeplaas is en uitgesonderd daardie gedeeltes wat ingevolge Goewermentskennisgewing 1611 van 3 September 1976 vanaf die landdrostdistrikte Die Kaap en Wynberg oorgeplaas is) en Bellville (uitgesonderd daardie gedeeltes wat ingevolge Goewermentskennisgewings 2102 en 173

of 2 November 1945 and 9 February 1973, respectively, were transferred from the Magisterial District of Wynberg), in those portions of the Magisterial Districts of Malmesbury and Stellenbosch which, prior to the publication of Government Notices 171 and 283 of 8 February 1957 and 2 March 1962, respectively, fell within the Magisterial District of Bellville and in that portion of the Magisterial District of Kuils River which, prior to the publication of Government Notice 661 of 19 April 1974, fell within the Magisterial District of Stellenbosch but which, prior to 2 March 1962, fell within the Magisterial District of Bellville.

(2) Notwithstanding the provisions of subclause (1), the terms of this Agreement shall only apply in respect of employees from whom wages are prescribed in this Agreement.

(3) Notwithstanding anything to the contrary in this Agreement, nothing herein contained shall be construed as affecting or applying to employees earning not less than R18 600 per annum, nor to workers commonly known within the Chemical Industry as sales representatives: Provided that the provisions of this subclause shall not affect the provisions of clause 16.

2. CLAUSE 1.—AREA AND SCOPE OF APPLICATION OF AGREEMENT

Substitute the following for subclause (3):

“(3) Notwithstanding anything to the contrary in this Agreement, nothing herein contained shall be construed as affecting or applying to employees earning not less than R18 600 per annum, nor to workers commonly known within the Chemical Industry as sales representatives: Provided that the provisions of this subclause shall not affect the provisions of clause 16.”

3. CLAUSE 3.—DEFINITIONS

(1) Delete the definitions “(7) ‘category VII employee’ ” and “(16) ‘senior employee.’ ”

4. CLAUSE 4.—WAGES

(1) Substitute the following for subclause (1) (a):

“(a) *Employees other than casual employees*

	Per hour R
Category I:	
During the first six months.....	1,99
Thereafter.....	2,18
Category II:	
During the first six months.....	2,18
Thereafter.....	2,41
Category III:	
During the first six months.....	2,41
Thereafter.....	2,58
Category IV:	
During the first six months.....	2,58
Thereafter.....	2,86
Category V:	
During the first six months.....	3,25
Thereafter.....	3,53
Category VI:	
During the first six months.....	5,15
Thereafter.....	5,71”

(2) Delete subclause (9) (b) and (c) and renumber the existing subclause (9) (d) to (9) (b).

5. Insert the following new clause 6:

“6. ANNUAL BONUS

(1) An employer shall pay each of his employees in the month of December of each year an annual bonus of not less than—

- (a) one week's basic wage in respect of an employee with between one and 10 years' continuous service within the Industry;
- (b) two weeks' basic wage in respect of an employee with more than 10 years' continuous service within the Industry.

(2) (a) Should an employee leave his place of employment for other employment within the Industry for whatever reason, it shall in no way affect the number of years' service which he had accumulated.

(b) Should employees be forced to break their service through no fault of their own for reasons such as retrenchment, illness or maternity and they return to the Industry at a later date without having been employed in another industry, this break in service shall, for the purposes of subclause (1) (a) and (b), in no way affect the number of years' service which had been accumulated.

van onderskeidelik 2 November 1945 en 9 Februarie 1973 vanaf die landdrostrik Wynberg oorgeplaas is), in daardie gedeeltes van die landdrostrikte Malmesbury en Stellenbosch wat voor die publikasie van onderskeidelik Goewermentskennisgewings 171 en 283 van 8 Februarie 1957 en 2 Maart 1962 binne die landdrostrik Bellville geval het en in daardie gedeelte van die landdrostrik Kuilsrivier wat voor die publikasie van Goewermentskennisgewing 661 van 19 April 1974 binne die landdrostrik Stellenbosch geval het, maar wat voor 2 Maart 1962 binne die landdrostrik Bellville geval het.

(2) Ondanks subklousule (1) is hierdie Ooreenkoms van toepassing slegs op werknemers vir wie lone in hierdie Ooreenkoms voorgeskryf word.

(3) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie Ooreenkoms moet niks hierin vervat so uitgelê word dat dit werknemers wat minstens R18 600 per jaar verdien of werknemers wat in die algemeen in die Chemikalieënywerheid as verkoopsverteenwoordigers bekend staan, raak of op hulle van toepassing is nie: Met dien verstande dat hierdie subklousule nie Klousule 16 raak nie.

2. KLOUSULE 1.—TOEPASSINGSBESTEK VAN OOREENKOMS

Vervang subklousule (3) deur die volgende:

“(3) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie Ooreenkoms moet niks hierin vervat so uit gelê word dat dit werknemers wat minstens R18 600 per jaar verdien of werknemers wat in die algemeen in die Chemikalieënywerheid as verkoopsverteenwoordigers bekend staan, raak of op hulle van toepassing is nie: Met dien verstande dat hierdie subklousule nie klousule 16 raak nie.”

3. KLOUSULE 3.—WOORDOMSKRYWING

(1) Skrap omskrywings “(7) ‘werknemer kategorie VII’ ” en “(16) ‘senior werknemer’ ”.

4. KLOUSULE 4.—LONE

(1) Vervang subklousule (1) (a) deur die volgende:

“(a) *Werknemers, uitgesonderd los werknemers*

	Per uur R
Kategorie I:	
Gedurende die eerste ses maande.....	1,99
Daarna.....	2,18
Kategorie II:	
Gedurende die eerste ses maande.....	2,18
Daarna.....	2,41
Kategorie III:	
Gedurende die eerste ses maande.....	2,41
Daarna.....	2,58
Kategorie IV:	
Gedurende die eerste ses maande.....	2,58
Daarna.....	2,86
Kategorie V:	
Gedurende die eerste ses maande.....	3,25
Daarna.....	3,53
Kategorie VI:	
Gedurende die eerste ses maande.....	5,15
Daarna.....	5,71”

(2) Skrap subklousule (9) (b) en (c), en hernommer die bestaande subklousule (9) (d) tot (9) (b).

5. Voeg die volgende nuwe klousule 6 in:

“6. JAARLIKSE BONUS

(1) 'n Werkgewer moet aan elkeen van sy werknemers in Desembermaand van elke jaar 'n jaarlikse bonus betaal van minstens—

- (a) een week se basiese loon, in die geval van 'n werknemer wat tussen een en 10 jaar ononderbroke diens in die Nywerheid het;
- (b) twee weke se basiese loon, in die geval van 'n werknemer met meer as 10 jaar ononderbroke diens in die Nywerheid.

(2) (a) Indien 'n werknemer om watter rede ook al sy werkplek verlaat vir ander werk in die Nywerheid, mag dit in geen opsig die getal jare diens wat hy gehad het, raak nie.

(b) Indien werknemers verplig word om hul diens weens geen skuld van hul eie, om redes soos personeelvermindering, siekte of swangerskap, te beëindig, en hulle op 'n latere stadium na die Nywerheid terugkeer, sonder dat hulle in 'n ander nywerheid werksaam was, moet, dié onderbreking in hul diens vir die toepassing van subklousule (1) (a) en (b), in geen geval die jare diens wat hulle gehad het, raak nie.

(3) In order to qualify for the bonus referred to in subclause (1) (a) and (b) above, an employee shall have completed at least one year's continuous service with the same employer."

6. Renumber clauses 6 to 21 as 7 to 22.

7. CLAUSE 7.—HOURS OF WORK, ORDINARY AND OVERTIME, AND PAYMENT FOR OVERTIME

(1) Delete subclause (6) (c).

(2) Substitute the following for subclause (8) (c):

"(8) (c) in the case of any overtime worked on a Saturday, one and a half times the employee's ordinary wage for time he works, or four hours, whichever is the greater"

(3) Delete subclause (12).

8. CLAUSE 8.—ANNUAL LEAVE AND PUBLIC HOLIDAYS

(1) In subclause (1), substitute the words "and shall be paid in respect of each day thereof not less than the daily wage which he would have received if he had worked on such day" for the words "and shall be paid in respect of each day thereof not less than the daily wage which he was receiving immediately before the commencement of such leave".

(2) Delete subclause (10).

9. CLAUSE 9.—SICK LEAVE AND COMPASSIONATE LEAVE

Insert the following new subclause (8) after subclause (7):

"(8) An employee who goes on unpaid maternity leave of not more than three months and who returns to work with the same employer shall be re-employed at not less than the wage rate applicable to the category of work in which the employee was engaged when she left her employment: Provided that the granting of unpaid maternity leave shall be at the sole discretion of the employer."

10. CLAUSE 16.—COUNCIL FUNDS

In subclause (1), delete the words "for whom minimum wages are prescribed in this Agreement:".

Signed at Cape Town, on behalf of the parties, this 10th day of March 1987.

S. G. PENNY,
Chairman.

J. HEEGER,
Vice-Chairman.

K. L. BARNES,
Secretary.

No. R. 1080

15 May 1987

CORRECTION NOTICE

LABOUR RELATIONS ACT, 1956

**BUILDING INDUSTRY, KIMBERLEY.—
MAIN AGREEMENT**

The following corrections to Government Notice R. 787 appearing in *Government Gazette* 10704 of 16 April 1987, are published for general information:

In the English text of the Schedule:

In clause 5 (1) (b), substitute the following:

"(g) Artisan's assistants, block layers carpet fitters, floor layers, handymen and machine operators	8,10
(h) Artisans.....	9,00
(i) Carftsmen	10,00
(j) Master craftsmen.....	11,15"

for:

"(g) Artisan's assistants, block layers, carpet fitters, floor layers, handymen and machine operators	7,35
(h) Artisans.....	9,15
(i) Carftsmen	10,05
(j) Master craftsmen.....	11,10"

(3) Ten einde te kwalifiseer vir die bonus in subklousule (1) (a) en (b) hierbo bedoel, moet 'n werknemer minstens een ononderbroke jaar diens by dieselfde werkgewer voltooi het."

6. Hernommer klousules 6 tot 21 om te lui 7 tot 22.

7. KLOUSULE 7.—WERKURE, GEWONE EN OORTYD- EN BESOLDIGING VIR OORTYD

(1) Skrap subklousule (6) (c).

(2) Vervang subklousule (8) (c) deur die volgende:

"(8) (c) in die geval van oortyd op 'n Saterdag gewerk, een en 'n half maal die werknemer se gewone loon vir die tydperk wat hy gewerk het, of vir vier uur, naamlik die grootste bedrag."

(3) Skrap subklousule (12).

8. KLOUSULE 8.—JAARLIKSE VERLOF EN OPENBARE VAKANSIEDAE

(1) In subklousule (1), vervang die woorde "en hy moet ten opsigte van elke dag van sodanige verlof minstens die dagloon betaal word wat hy onmiddellik voór die aanvang van sodanige verlof ontvang het." Deur die woorde "en hy moet ten opsigte van elke dag van sodanige verlof minstens die dagloon betaal word wat hy sou ontvang het as hy op sodanige dag gewerk het."

(2) Skrap subklousule (10).

9. KLOUSULE 9.—SIEKTEVERLOF EN DEERNISVERLOF

Voeg die volgende subklousule (8) in na subklousule (7):

"(8) 'n Werknemer wat met kraamverlof sonder besoldiging van hoogstens drie maande gaan en na dieselfde werkgewer terugkeer, moet weer in diens geneem word teen minstens die loon wat van toepassing is op die klas werk wat sy verrig het toe sy die werkgewer se diens verlaat het: Met dien verstaande dat die vergunning van kraamverlof sonder besoldiging geheel en al onderworpe is aan die goëddunke van die werkgewer."

10. KLOUSULE 16.—FONDSE VAN DIE RAAD

In subklousule (1), skrap die woorde "vir wie 'n minimum loon in hierdie Ooreenkoms voorgeskryf word:".

Namens die partye of hede die 10de dag van Maart 1987 te Kaapstad onderteken.

S. G. PENNY,
Voorsitter.

J. HEEGER,
Ondervoorsitter.

K. L. BARNES,
Sekretaris.

No. R. 1080

15 Mei 1987

VERBETERINGSKENNISGEWING

WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE, 1956

**BOUNYWERHEID, KIMBERLEY.—
HOOFOOREENKOMS**

Die volgende verbeterings aan Goewermentskennisgewing R. 787 wat in *Staatskoerant* 10704 van 16 April 1987 verskyn, word vir algemene inligting gepubliseer:

In die Afrikaanse teks van die Bylae:

In klousule 5 (1) (b) vervang die volgende:

"(g) Ambagsman se assistente, bloklëers, matinstalleerders, vloerlëers, faktotums en masjienbedieners.....	7,35
(h) Ambagsmanne.....	9,15
(i) Vakmanne.....	10,05
(j) Meestervakmanne.....	11,10"

deur:

"(g) Ambagsman se assistente, bloklëers, matinstalleerders, vloerlëers, faktotums en masjienbedieners.....	8,10
(h) Ambagsmanne.....	9,00
(i) Vakmanne.....	10,00
(j) Meestervakmanne.....	11,15"

No. R. 1081 **15 May 1987**

CORRECTION NOTICE
LABOUR RELATIONS ACT, 1956
BUILDING INDUSTRY, NATAL.—MAIN
AGREEMENT

The following correction to Government Notice R. 943 appearing in *Government Gazette* 10723 of 30 April 1987, is hereby published for general information:

In clause 2 of the English text of the Schedule, substitute the figure "1987" for the figure "1978".

DEPARTMENT OF NATIONAL
HEALTH AND POPULATION
DEVELOPMENT

No. R. 1093 **15 May 1987**

CORRECTION NOTICE

PENSION BENEFITS OF SPECIFIED OFFICERS OF THE SOUTH AFRICAN POLICE FORCE AND THE SOUTH AFRICAN PRISON SERVICE

In Government Notice R. 892 published in *Government Gazette* 10716 of 24 April 1987 (Regulation Gazette 4077) in the English version substitute the first line of paragraph 1 under the heading definitions in the Schedule with the following.

1. In these regulations, unless the context other.

DEPARTMENT OF POSTS AND
TELECOMMUNICATIONS

No. R. 1045 **15 May 1987**

POSTAL REGULATIONS

The Minister of Home Affairs and of Communications, acting under section 119A (1) of the Post Office Act, 1958 (Act 44 of 1958), has made the Regulations contained in the Schedule.

SCHEDULE

1. In this Schedule, unless the context indicates otherwise, the expression "the Regulations" means the Postal Regulations promulgated under Government Notice R. 550 of 14 April 1960, as amended.

2. The Regulations are hereby amended by the substitution of the following Schedule for Schedule D:

"SCHEDULE D

RATES OF PAYMENT FOR THE CONVEYANCE OF MAIL BY SEA [SECTION 39 (1) OF THE ACT]

The master of any vessel (other than a vessel under contract for the conveyance of mail) who receives on board any mail for conveyance, as contemplated in section 39 (1) of Act 44 of 1958, shall be entitled to demand and receive for such conveyance payment at the following rates:

For any conveyance over a distance not exceeding 2 000 sea miles	25c per kilogram
For any conveyance over a distance above 2 000 sea miles and up to 5 000 sea miles	38c per kilogram
For any conveyance over a distance in excess of 5 000 sea miles	49c per kilogram."

3. These regulations shall come into effect on 1 April 1987.

No. R. 1065 **15 May 1987**

CORRECTION NOTICE

The following correction of Government Notice R. 945 of 30 April 1987 appearing in *Government Gazette* 10723 of 30 April 1987 is hereby published:

In the last line of paragraph 1.1 in the Afrikaans text substitute the word "deducting" with the word "deducting".

No. R. 1081 **15 Mei 1987**

VERBETERINGSKENNISGEWING

WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE, 1956

BOUNYWERHEID, NATAL.—HOOFDOORENKOMS

Die onderstaande verbetering aan Goewermentskennisgewing R. 943 wat in *Staatskoerant* 10723 van 30 April 1987 verskyn, word hierby vir algemene inligting gepubliseer:

Vervang in klousule 2 van die Engelse teks van die Bylae, die syfer "1978" deur die syfer "1987".

DEPARTEMENT VAN NASIONALE
GESONDHEID EN BEVOLKINGS-
ONTWIKKELING

No. R. 1093 **15 Mei 1987**

VERBETERINGSKENNISGEWING

PENSIOENVOORDELE VAN BEPAALDE BEAMPTES VAN DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIE EN SUID-AFRIKAANSE GEVANGENISDIENS

In Goewermentskennisgewing R. 892, gepubliseer in *Staatskoerant* 10716 van 24 April 1987 (Regulasiekoerant 4077) in die Engelse teks vervang die eerste reël van paragraaf 1 onder die hofie Woordomskriving in die bylae deur die volgende:

1. In these regulations, unless the context other.

DEPARTEMENT VAN POS- EN
TELEKOMMUNIKASIEWESE

No. R. 1045 **15 Mei 1987**

POSREGULASIES

Die Minister van Binnelandse Sake en van Kommunikasie, handelende kragtens artikel 119A (1) van die Poswet, 1958 (Wet 44 van 1958), het die Regulasies uitgevaardig wat in die Bylae vervat is.

BYLAE

1. Tensy uit die samehang anders blyk, beteken die uitdrukking "die Regulasies" in hierdie Bylae die Posregulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 550 van 14 April 1960, soos gewysig.

2. Die Regulasies word hierby gewysig deur Bylae D deur die volgende Bylae te vervang:

"BYLAE D

TARIEWE VAN BETALING VIR DIE VERVOER VAN POS PER SEE [ARTIKEL 39 (1) VAN DIE WET]

Die kaptein van enige vaartuig (behalwe 'n vaartuig onder kontrak vir die vervoer van pos) wat enige pos aan boord ontvang vir vervoer, soos bedoel in artikel 39 (1) van Wet 44 van 1958, is geregtig om betaling vir die vervoer teen die volgende tariewe te eis en te ontvang:

Vir enige vervoer vir 'n afstand van hoogstens 2 000 seemyl	25c per kilogram
Vir enige vervoer vir 'n afstand verder as 2 000 seemyl tot 5 000 seemyl	38c per kilogram
Vir enige vervoer vir 'n afstand verder as 5 000 seemyl	49c per kilogram."

3. Hierdie regulasies tree in werking op 1 April 1987.

No. R. 1065 **15 Mei 1987**

VERBETERINGSKENNISGEWING

Die volgende verbetering van Goewermentskennisgewing R. 945 van 30 April 1987 wat in *Staatskoerant* 10723 van 30 April 1987 verskyn, word hierby gepubliseer:


In die laaste reël van paragraaf 1.1 vervang die woord "deducting" met die woord "deducting".

Use it.

Don't abuse  it.

water is for everybody

Werk mooi daarmee.

Ons leef  daarvan.

water is kosbaar

Please keep our country, South
Africa, clean!



Help om ons land, Suid-Afrika,
skoon te hou!

CONTENTS			INHOUD		
No.	Page No.	Gazette No.	No.	Bladsy No.	Staatskoerant No.
GOVERNMENT NOTICES			GOEWERMENSKENNISGEWINGS		
Agricultural Economics and Marketing, Department of			Finansies, Departement van		
<i>Government Notices</i>			<i>Goewermentskennisgewings</i>		
R. 1061			R. 1052		
Fertilizers, Farm Feeds, Agricultural Remedies and Stock Remedies Act (36/1947): Prohibition on the acquisition disposal, sale and use of certain agricultural remedies and stock remedies.....	1	10739	Doeane- en Aksynswet (91/1964): Wysiging van Bylae 1 (No. 1/1/1289).....	2	10739
R. 1094			R. 1053		
Marketing Act (59/1968): Summer Grain Scheme: Producer's prices for maize in Area B: Correction notice	1	10739	do.: Wysiging van Bylae 3 (No. 3/902).....	2	10739
			R. 1067		
			Doeane- en Aksynswet (91/1964): Wysiging van Bylae 1 (No. 1/1/1290).....	3	10739
			R. 1068		
			do.: Wysiging van Bylae 1 (No. 1/4/93).....	3	10739
			R. 1069		
			do.: Wysiging van Bylae 4 (No. 4/415).....	4	10739
Finance, Department of			Landbou-ekonomie en -bemarking, Departement van		
<i>Government Notices</i>			<i>Goewermentskennisgewings</i>		
R. 1052			R. 1061		
Customs and Excise Act (91/1964): Amendment of Schedule 1 (No. 1/1/1289).....	2	10739	Wet op Misstawwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels (36/1947): Verbod op die verkryging, vervreemding, verkoop en gebruik van sekere landboumiddels en veemiddels.....	1	10739
R. 1053					
do.: Amendment of Schedule 3 (No. 3/902)	2	10739	R. 1094		
R. 1067			Bemarkingswet (59/1968): Somergraanskema: Produsentepryse van mielies in Gebied B: Verbeteringskennisgewing.....	1	10739
Customs and Excise Act (91/1964): Amendment of Schedule 1 (No. 1/1/1290).....	3	10739			
R. 1068					
do.: Amendment of Schedule 1 (No. 1/4/93)	3	10739			
R. 1069					
do.: Amendment of Schedule 4 (No. 4/415)	4	10739			
Manpower, Department of			Mannekrag, Departement van		
<i>Government Notices</i>			<i>Goewermentskennisgewings</i>		
R. 1063			R. 1063		
Labour Relations Act (28/1956): Chemical Industry (Cape): Renewal of Main Agreement.....	5	10739	Wet op Arbeidsverhoudinge (28/1956): Chemikalie-nywerheid (Kaap): Hernuwing van Hooforeenkoms.....	5	10739
R. 1064			R. 1064		
do.: do.: Amendment of Main Agreement....	6	10739	do.: do.: Wysiging van Hooforeenkoms....	6	10739
R. 1080			R. 1080		
Labour Relations Act (28/1956): Building Industry, Kimberley: Main Agreement: Correction notice	8	10739	Wet op Arbeidsverhoudinge (28/1956): Bounywerheid, Kimberley: Hooforeenkoms: Verbeteringskennisgewing	8	10739
R. 1081			R. 1081		
do.: Building Industry, Natal: Main Agreement: Correction notice	9	10739	do.: Bounywerheid, Natal: Hooforeenkoms: Verbeteringskennisgewing	9	10739
National Health and Population Development, Department of			Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, Departement van		
<i>Government Notice</i>			<i>Goewermentskennisgewing</i>		
R. 1093			R. 1093		
General Pensions Act (29/1979): Pension benefits of specified officers of the South African Police Force and the South African Prison Service: Correction notice.....	9	10739	Algemene Pensioenwet (29/1979): Pensioen-voordele van bepaalde beamptes van die Suid-Afrikaanse Polisie en Suid-Afrikaanse Gevangensdiens: Verbeteringskennisgewing.....	9	10739
Posts and Telecommunications, Department of			Pos- en Telekommunikasiewese, Departement van		
<i>Government Notices</i>			<i>Goewermentskennisgewings</i>		
R. 1045			R. 1045		
Post Office Act (44/1958): Postal regulations	9	10739	Poswet (44/1958): Posregulasies.....	9	10739
R. 1065			R. 1065		
Post Office Act (44/1958): Amendment of the Post Office Service Regulations: Correction notice	9	10739	Poswet (44/1958): Wysiging van die Poskantoor-diensregulasies: Verbeteringskennisgewing	9	10739